

## **Uitvoerende opsomming** (Afrikaans)

Suid-Afrika se mediageskiedenis weerspieël die krake en verdeeldheid in die samelewing, asook die magsbalans. Die uitdaging van demokratiese transformasie beïnvloed alle sferes van die gemeenskapslewe, met inbegrip van die instellings en praktyke van die media.

Die regering is verbind daartoe om 'n agentskap te stig om toegang tot die media deur gemarginaliseerde groepe te bevorder en om mediaverskeidenheid uit te brei. Dit volg op 'n kabinetsbesluit wat gegrond is op 'n Comtask aanbeveling van 1996. Dit is in ooreenstemming met die Grondwet, die Handves van Menseregte en die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram, en word verder gerugsteun deur die Nasionale Aksieplan vir die Bevordering en Beskerming van Menseregte, wat vryheid van uitdrukking en mediaverskeidenheid beklemtoon, asook die behoefte aan meganismes om toe te sien dat dit bereik word. Dit volg op 'n onsuksesvolle poging van die burgerlike gemeenskap in die vroeë 1990s om so 'n liggaam te vorm.

Die motivering vir 'n onafhanklike, afsonderlike en kostedoeltreffende Agentskap vir Media-ontwikkeling en Verskeidenheid (AMOV) berus op die behoefte vir 'n liggaam van gerespekteerde media-spesialiste en ander openbare figure wat deur middel van befondsing, fasilitering en navorsing deskundigheid sal opbou rondom media-ontwikkeling en –verskeidenheid en sal toesien dat dit 'n werklikheid word. Dit sal op die beste beginsels van korporatiewe bestuur berus, met 'n mandaat en genoegsame hulpbronne. Dit sal op 'n afstand van die regering, die mediabedryf en ander befonders bedryf word.

Namate die wêreld vinnig op die pad van 'n inligtingsamelewing beweeg, is dit noodsaaklik dat alle burgers toegang het tot die wydste moontlike reeks inligting en opinies ten einde doeltreffend deel te neem aan 'n toenemend geïntegreerde wêreld op plaaslike, nasionale en internasionale vlak. Die regering het toegang tot inligting 'n integrale deel van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram gemaak.

Die AMOV, soos die program van Veeldoelige Gemeenskapsentrums, is 'n sleuteliniatief met die oog op hierdie mikpunt. Dit sal help om die kommunikasie-omgewing te wysig op 'n manier wat infrastruktuur opbou en die totstandkoming van media wat die ondervinding en perspektiewe van gemarginaliseerde gemeenskappe weerspieël, aanhelp. Met ander woorde, alhoewel die AMOV nie op sigself die algehele transformasie van die media sal teweegbring nie, sal dit, deur middel van befondsing, fasilitering en navorsing, 'n deurslaggewende rol speel om die medialandskap te verander op 'n wyse wat breër verandering sal aanmoedig.

### **Definiëring van media-ontwikkeling en –verskeidenheid:**

Media-ontwikkeling behels die bevordering van 'n bemagtigende omgewing om die uitsluiting en marginalisering van groepe en belange van toegang tot die media – as eienaars, bestuurders en redigeerders - aan te spreek. Mediaverskeidenheid behels om toe te sien dat alle belange en sektore bekostigbare toegang het tot 'n wye verskeidenheid sienswyses en inligtingsbronne wat ons samelewing ten volle weerspieël.

Om verskeidenheid te bereik, word ook aangemoedig deur die beskikbaarheid aan 'n wye reeks media, klein en groot, van verspreidingsmiddele.

### **Media in Suid-Afrika:**

Alhoewel baie sedert die aanvang van demokrasie gedoen is om die probleme van media-ontwikkeling en –verskeidenheid aan te spreek, is dit klaarblyklik nie genoeg nie. Die digtheid van media-infrastruktuur per capita is nog steeds laag. Media-eienaarskap is nog steeds gekonsentreerd en voldoen nie aan die behoeftes van alle groepe en belange nie. Bestuursvlakke, redaksies en algemene personeel is nog steeds nie voldoende verteenwoordigend nie.

Suid-Afrikaanse ondervinding dui daarop dat markmeganismes, geleentede vir uitsaailisensies en verandering in eienaarskap, alhoewel belangrik, nie op hul eie volle transformasie kan teweegbring nie. Inisiatiewe soos die AMOV is nodig om die proses aan te help.

### **Leer uit ondervinding:**

Internasionale ondervinding dui daarop dat ondersteuningsmeganismes om media-ontwikkeling en verskeidenheid aan te moedig, niks nuuts is nie. Dis sedert die 1950s in Europa ingestel op die basis dat markkragte op hul eie nie genoegsmatig verskeidenheid teweegbring nie. Intendeel, die getuienis is dat die mark op sigself neig tot verhoogde konsentrasie, wat vryheid van uitdrukking en 'n verskeidenheid sienswyses kan inperk.

'n Vroeëre poging om 'n vrywillige ondersteuningsmeganisme, die Onafhanklike Media Verskeidenheidstrust te skep, het uiteindelik gefaal weens gebrekkige fondse. Dit het die sienswyse versterk dat slegs inisiatiewe wat gegrond is op 'n vennootskap van die regering en die media, en gerugsteun word deur statutêre mag, genoegsame impak sal hê.

### **Die karakter van AMOV en hul verhouding met ander liggame:**

Die AMOV sal 'n onafhanklike, statutêre liggaam wees wat op 'n afstand van die regering, die privaatsektor en enige ander skenkers bedryf word. Hul mandaat sal wees om verskeidenheid en ontwikkeling in die pers, uitsaaiwese en “nuwe media” aan te moedig.

Die AMOV sal 'n Raad van nege hê, deur die Parlement benoem in 'n openbare proses en aangewys deur die President. Plekke sal op die Raad gereserveer word vir verteenwoordigers van die regering, pers, uitsaaiwese en gemeenskapsmedia onderskeidelik, en die orige vyf sal deur die publiek benoem word. Die Raad sal 'n hoof- uitvoerende beampte aanwys wat, in oorleg met die Raad, 'n klein, hoogs gekwalifiseerde personeel met genoegsame hulpbronne sal aanstel.

Afgesien van die primêre rol van media-ondersteuning, sal die AMOV ook navorsing aanvra en aanbevelings doen aan die regering, die mediabedryf en ander betrokke liggame. Die AMOV sal verhoudings opbou met alle liggame met 'n regstreekse of onregstreekse belang in media-ontwikkeling en –verskeidenheid. Die AMOV sal 'n jaarlikse vergadering vir belanghebbers hou waar sulke liggame die AMOV se jaarverslag kan oorweeg.

**Die begunstigdes en die aard van die steun:**

Die hoof-begunstigdes van regstreekse en onregstreekse ondersteuning sal gemeenskapsmedia wees, asook klein kommersiële media, met inbegrip van radio, televisie, pers en nuwe media. Daar sal veral klem gelê word op projekte wat benadeelde gemeenskappe en sektore – veral vroue, plattelandse mense, gestremdes, ongeletterde mense, werkers en arm mense – in die inligting- en kommunikasiewêreld inbring.

Ondersteuning sal van 'n befondsings- en nie-befondsingsaard wees, en sal onder meer die volgende insluit: regstreekse en onregstreekse subsidies; noodleniging; ontwikkeling van hulpbronne; opleiding; projek-evaluering en medianavorsing. Dit sal ook aanbevelings doen ter ondersteuning van media wat leningsfinansiering soek op grond van hul evaluasieprosedures.

Die AMOV se hoofriglyn in besluitneming oor befondsing en leningsaanbevelings, sal die bydrae wees wat projekte tot media-ontwikkeling en verskeidenheid maak. Dit sal hom ten doel stel om selfversorgendheid te bevorder, en om projekte te befonds wat goeie bestuurspraktyke tentoonstel. Ander oorwegings sluit gemeenskapsbetrokkenheid en diensbillikheid in.

**AMOV se begroting:**

Die AMOV het genoegsame finansiering nodig om netwerke, opleiding, kapitaal en operasionele koste te dek, asook uitvoerbaarheidstudies en projekevaluering. Dit sal ook navorsing aanvra oor media-ontwikkeling en –verskeidenheid. Die operasionele vereistes, met inbegrip van verrigtingsevaluering van projekte, behoort nie 12% van totale koste te bowe te gaan nie.

Die hulpbronne wat benodig word om die onmiddellike agterstand aan te spreek, kom neer op R256 miljoen oor vyf jaar.

Die regering sal aanvanklik twee derdes van die begroting bydra, en die mediabedryf die ander derde. Daar moet in ag geneem word dat die regering se bydrae ondersteuning van gemeenskapsradio-infrastruktuur en programbestuur insluit, wat alreeds deur die Departement van Kommunikasie verskaf word, asook verdere hulp van die fiskus en strategiese vennootskappe met ander agentskappe soos die Universele Diensagentskap.